# Lesing 100 – 30 Junie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 125 en Woord ontvang deur Daniel Grobbelaar op 15/11/19

*Goeie more almal! Ek het hierdie Openbaring op die 15de ontvang en JAHSHUA het gesê ek moet dit nou plaas:*

Die Boodskapper van JaHWeH (Hy het nie sy naam bekend gemaak nie) het gekom tot my en gesê:

"Wees geseënd in die Aarde deur ons Majesteit se Bloed gekoop! Kneg van JAHWEH, luister na die Woorde van Wysheid, want Sy is Trou en Eg! SY IS!

Luister na die Wysheid en omsingel Haar met jul liefdesharte soos kuikens om hul moeder-hen!"

"Dit IS HY, EK IS WAT EK IS, JAHWEH van die Skeppingsleërmag wat die Fondamente van alle Skeppings gelê het en dit is HY wat die planeet-bane vasgestel het. Hoor en luister o mensdom! Luister o trotse volk! Dit is HY wat die digtheid van alle materie bepaal het en die glansrykheid van edelgesteentes gegrond het volgens SY Gewyde Wil. Dit is HY wat die verlossingsplan vasgestel het vanuit SY Oerbron van Ewige Liefde – die SENTRUM VAN ONS WESE! HY was daar, al klaar! WYSHEID het HY geskape met Vrolikheid - Liefdestraan in SY Oë van LIG, LEWE en LIEFDE. Geskape het HY alles, deur SY Wysheid tesame met SY MAGTIGE LEËRMAG!

Wie kan teen HOM staan en wie kan hulle teen HOM draai? Want HY sien alles en HY deurgrond elke substans en elke molekule om te meet en te weeg, die rypheid van alle siele. HY IS die LIEFDE Self en in die begin van die sonde het HY Toornig geword en die LIEFDE het ontvlam as Verterende Vuur van seer! Maar vanuit HOMSELF het HY gekom en die Toorn afgeweer met 'n DAAD van SELFVERLOËNING. As Offer het HY vanuit HOMSELF uitgegaan ter vernedering en opoffering; as Weg te berei vir hulle wat geval het en hulle wat gesien het. Sonde kan nie by HOM bestaan nie, tog het HY tussen sondaars kom vertoef ter verlossing van SY kinders. Wie kan HOM nie liefhê en wie kan HOM nie begeer nie?

HY het gesê: "MY Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie."

Onthou hierdie Woorde van JAHWEH! Onthou!"

Net na die Woorde toe neem die Boodskapper my sigvermoë en bekragtig dit met Lig-Gees-substansie en ek sien toe die Boodskapper wys my 'n baie bekende plek. Ek was al daar. Die wesens daar het suiwere Duitse bloed en gestalte. Daar was twee Groot Bome en een was die BOOM van die LEWE wat magtig geglans het van LIG, LEWE en LIEFDE. Onder daardie BOOM het 'n man gesit en geskryf en hy het met 'n goue pen geskryf wat goue letters op 'n lig deurtrekte "papier" laat verskyn het. Die papier het 'n blou skynsel gehad. Toe kyk ek in sy oë en ek herken hom, dit was oom Nicolaas van Rensburg! Sy oë was verlig en hy kon baie vêr sien. Toe sien ek 'n Man kom nader en plaas Sy Hand op oom Siener se linkerskouer. Die Boodskapper het vir my gesê ek mag nie na die Aangesig van hierdie Man kyk nie en ek kon toe net 'n gedeelte van die Man sien met Sy Hand op oom Siener se skouer. Die Boodskapper sê toe vir my: "Dit is Melgisedek en die traktaat word bekragtig na gelang van die Wil van YAHWEH. Dit is genoeg vir nou, omdat ons MEESTER my beveel om tot hiertoe te gaan. Die rypheid van die Boervolk se siel moet steeds groei en ryper word in die Gees."

(Einde van visioen/ervaring)

Openbaring 126 ontvang op 19/11/19

Aan 'n ongehoorsame volk,

"Weer moet jy skryf vir MY, al MY Woorde van Liefdesklanke wat in jou Skatkamer uitborrel soos 'n Fontein, want geneeslik is MY Ewige Fonteine en Sy bring verlossing aan die wat op MY vertrou. EK is die Weg van Waarheid wat lei na **die Ewige Verbondsland van Lig, Lewe en Liefde.** MY kneg, hoor altyd MY Woorde en rig jou hart altyd op MY, want hulle wat so handel sal geseënd wees met 'n vreugdevolle lewe."

"Hoor die Stem van JaHWeH, want dit IS HY wat neem en dit IS HY wat gee! HY IS die MEESTER oor alle lewe, in die sienlike en onsienlike. HY is die EEN wat skep en wat omvorm, wat vir julle as vernietiging voorkom. Dit is HY wat julle wil verlos vanuit die hoersisteem en vanuit die besoedeling van die duisternis. Dit is HY wat julle versterk deur beproewinge en toetse; wees vol moed in hierdie tye en wend nie julle aangesigte weg van HOM wat julle liefhet nie. MY kneg, skrywe! Want **nou rig die Gees van Waarheid Haar Woorde aan die Boerevolk van Suid-Afrika en ook aan hulle buite Suid -Afrika**!

Kom en vergader voor My en bring julle danksegging aan HOM wat die Ewiglewende is!

ELOHIM IS EEN! Luister na wat die Gees aan julle sê, aan die Boerevolk van die Suide:

Voor die Aangesig van JaHWeH sal geen meer besoedeling bestaan nie en SY Oë sal nie meer langer die drek van julle hoogmoed verdra nie. SY Neusgate sal nie langer die stank van julle leuens en eie-liefde, en liefdeloosheid verdra nie.

Die Gees wat lewend vir julle uitgestort is, en wat die Nuwe Openbaring van Majesteit JAHWEHSHUA aan julle kom bring het, dié Gees verwerp julle en Sy vind geen woning onder julle nie. **Daar is net een kleine Ark wat Haar aanvaar en omhels het** as die Groot Barmhartigheid van JaHWeH! Tog vind Sy geen ander woning nie, al wil Sy Haar woning verbreed in die harte van die Volk. Soos HY gespreek het en gesê het dat HY aan die deure van julle harte klop en julle wil nie vir HOM oopmaak nie, so is dit vandag 'n lewende bevestiging en getuienis dat SY Woorde altyd WAARHEID is. Die eens Godvresende Boerevolk het

vandag opgeëindig as ‘n volk wat nie weet Wie hulle SKEPPER is nie en ‘n volk wat SY Lewende Woord en Gebooie nie onderhou nie. Weet dat die Geregtigheid van JaHWeH die duistere leuens en verraad van julle volk sal inhaal en besoek.

Die Dag van SY Grimmigheid is naby en julle neem die Woorde van die Hoogste EL nie in berekening nie. SY Raadsplan is in plek en SY Wysheid is SY Eggenoot. Nie langer sal daar met SY Barmhartigheid gelaster word nie en die wat onopreg tot HOM nader sal weggewys word. Hulle wat aangaan met hulle besoedelde dade en denke en woorde, sal op die Dag van SY Grimmigheid, wat ook die Dag van SY Verlossing is, die Woorde vanuit SY Mond hoor: “Gaan weg voor MY, want EK ken jou nie, omdat jy MY nie wou ken nie!”.